

Sondag 22 April

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:1-8

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense  
1:6-7

## Word bemoedig – God sal met die wederkoms regverdig uitbetaal

Ons sien gewoonlik uit na betaaldag. Daar is weer geld om te spandeer, kos kan aan-gekoop word en rekeninge betaal word. Die druk en swaarkry van die lewe is vir 'n wyle verlig.

Paulus wys die gemeentelede in Tessalonika op die betaaldag wat kom. Hulle onder-vind op daardie stadium groot druk. Dit begin reeds met die stigting van die gemeente tydens Paulus en Silas se besoek aan die stad. Die Jode was jaloers oor die positiewe reaksie van 'n aantal inwoners wat die ware God begin aanbid het. 'n Oproer het ontstaan en die gelowiges het toe vir Paulus en Silas in die nag na Berea gestuur.

Paulus is bewus daarvan dat die gelowiges daar nog steeds, nadat hulle weg is, vervolging en swaarkry verduur. In hierdie brief, wat veral oor die wederkoms gaan, be-moedig die Here sy kinders deur hulle te wys op die uitbetaling wat met Christus se koms gaan plaasvind, wanneer die Here met sy magtige engele verskyn.

Hulle wat verdruk, sal met verdrukking uitbetaal word. Vir dié wat volhard en vertrou tot betaaldag, wag daar 'n genadeloon. 'n Loon waarvoor Jesus Christus gewerk het. Hy het tot die einde toe volhard onder die allergrootste druk en sy versoeningswerk voltooi. Almal wat glo, sal dan verligting ondervind.

Wat 'n belofte om na uit te sien as mense dit vir jou moeilik maak, met jou spot, jou ver-hinder om jou geloof voluit te probeer uitleef, hulle brand van jaloesie omdat jy vir hulle 'n doring in die vlees word, as vriende soveel druk op jou toepas omdat hulle wil hê dat jy an-ders moet leef, aan sonde moet meedoen.

*Sing: Psalm 94-1:1, 12 / Psalm 94-2:1, 9*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)*